

JANUARIE

1 JANUARIE

SKRIFGEDEELTE: PSALM 1 (OAV)
FOKUSGEDEELTE: PSALM 1:3

'n Boom geplant by waterstrome

Die boom is geplant by waterstrome. Sy wortels is diep veranker by die bron, sy blare verwelk nie en hy gee sy vrug gereeld op sy tyd. Hy is 'n beeld van standvastigheid, iets blywends, jaarin en jaaruit. Hierteenoor is daar die "kaf wat die wind verstrooi". 'n Oomblik en dit is weg – tot niet, sonder sin, sonder betekenis en sonder bestemming.

Wie is soos die boom? Die regverdige, hy wat nie wandel op die weg van die goddelose nie, maar op die weg van die Here en sy vreugde vind "in die woord van die Here" (NAV). Dit, sê Psalm 1, is die weg wat God ken, waarop Hy met jou in persoonlike gemeenskap saamwandel.

Jeremia stel dit so in hoofstuk 17:8: Wie op die Here vertrou, is "soos 'n boom wat by water geplant is en sy wortels na die stroom toe uitstoot, nie die hitte voel as dit kom nie en altyd groen blare het; 'n droë jaar raak hom nie en hy hou nie op om vrugte te dra nie."

2007? Gaan dit dalk 'n "droë jaar" wees? Ons weet nie. Maar vir die kind van God, vir hom of haar wat geplant is by die Lewensbron, deur die geloof in Christus 'n "regverdige" is, sal dit 'n sinvolle jaar, 'n vrugbare jaar wees.

Dit hang net af waar jy geplant is; of eerder, in wie jy geplant is. Want ons Here Jesus Christus het die blywende seën van Psalm 1 se boom-geplant-by-die-waterstroom vir ons waar maak: "Ék is die wingerdstok, julle die lote. Wie in My bly, en Ek in hom, dra baie vrugte."

Sing: Psalm 92:6, 7

Ds Cassie Aucamp (Bergsig/Andeon)